JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 18 2 Junie 2021

OUERS:

TROLLIETREK:

Dit is met dankbare harte dat die skool vir ons ouers en leerders **BAIE DANKIE** wil sê vir al die bydraes wat ons ontvang het vir die trollietrekprojek van 2021. Dankie vir al die kaartjies wat julle verkoop het.

Ons het die projek suksesvol afgehandel en 'n **ongelooflike bedrag** van **R67 760.00** ingesamel! Baie geluk aan die volgende pryswenners:

Trollie 1:	Mariet du Plessis
Trollie 2:	Zoë-Lee Zondagh
Trollie 3:	Yolandé Erasmus
Mandjie 1:	Jaco Heyns
Mandjie 2:	Ruben Bann
Mandjie 3:	Hannie du Plessis
Mandjie 4:	Kotie Enslin
Mandjie 5:	Marius Cloete
Mandjie 6:	Linda Jansen

BAIE GELUK AAN AL DIE WENNERS!!

Leerders wat die meeste kaartjies verkoop het:	1ste: Leo Wilkinson – R9 600.00 2de: Decoda Kilian – R4 200.00 3de: Zanté Oertel – R4 000.00
Klas wat die meeste kaartjies verkoop het:	Graad 6A

VAKANTE POS: [ADVERTENSIE]

Ons gaan **aan die einde van Julie** met hartseer afskeid neem van **juffrou Diani van Staden** wat 'n Departementele pos aanvaar het.

ONS BESTE WENSE VERGESEL HAAR!

Neem asseblief kennis van die advertensie wat by die nuusbrief ingesluit is.

SKOOL- EN KOSHUISGELD:

Hiermee doen die Beheerliggaam 'n beroep op ouers om getrou hulle skool- en koshuisgeld te betaal.

Neem asseblief kennis dat finansiële prosedures steeds gevolg word en dat agterstallige ouers vir hierdie regskostes verantwoordelik is.

KWARTAAL 3:

Soos u seker kennis geneem het, begin **kwartaal 3** op **Maandag, 19 Julie,** en nie op die oorspronklike 26 Julie van die kwartaalkalender nie. Indien dit weer verander sal ons u daarvan in kennis stel. Skool begin om 8:00.

EKSAMEN:

Die vakke wat nie deur leerders afgehandel is nie (as gevolg van die sluiting van die skole) word op 20, 21 en 22 Julie geskryf. (Nie op die eerste skooldag nie.) **Indien die datums weer verander word, skryf leerders die laaste paar vakke op die tweede, derde en vierde dag van die nuwe kwartaal.**

BUITEMUURSE ROOSTER EN KWARTAALPROGRAM:

Die buitemuurse rooster sal op D6 en ons webtuiste beskikbaar wees maar die kwartaalprogram (kw 3) sal nog gefinaliseer word.

INSKRYWINGS VIR 2022:

Inskrywings vir 2022 het geopen en sluit op 31 Julie 2021. Indien u weet van kinders wat volgende jaar na ons skool kom, kan u daardie ouers in kennis stel. Toelatingsvorms is op ons webtuiste www.jakkies.com beskikbaar. Volledige aansoeke kan na admin@jakkies.com gestuur word. **Oorspronklike toelatingsvorms** moet ook ingehandig word.

KUNSTEFEES 2021: [AFSKEURSTROKIE]

Fanie Malan Voorbereidingskool bied hierdie jaar 'n **aanlyn Kunstefees** aan. **Leerders wat belangstel om deel te neem** kan die afskeurstrokie invul en dit saam met die inskrywingsgeld op Vrydag, 20 Augustus by juffrou Elza inhandig. **Die video-opname** (per selfoon) moet ook op daardie datum gereed wees. Opnames moet na juffrou Elza gestuur word: **0716876477.** Sy sal al die inskrywings behartig.

Kostes beloop **R50 per leerder per afdeling.**

DIE VOLGENDE AFDELINGS WORD AANGEBIED:

- **Gedigte:** Graad RR en ouer
- **Redenaars (voorbereide toespraak):** Graad R – 3 (3 – 5 minute)
  Graad 4 – 7 (5 – 7 minute)
- **Prosa:** Graad 4 en ouer
- **Monoloog of tweespraak:** (Graad 4 en ouer)

OUERS MOET ASSEBLIEF KENNIS NEEM VAN DIE VOLGENDE:

- Ouers kies self hulle kinders se gedigte en/of berei self die toesprake voor.
- Ouers rig self hulle kinders af en doen dan die selfoonvideo-opname.
- **Afskeurstrokies en inskrywingsgeld** moet **op 20 Augustus** ingehandig word.

Hou lekker vakansie, ry voorspoedig en rus lekker. Bly asseblief veilig!!



……..
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Die veilige bewaring van ons personeel,
kinders en ouers.

AFSKEURSTROKIE: FANIE MALAN KUNSTEFEES
[AANLYN!]

OUER: _____

LEERDER: _____ GR: _____

AFDELING: _____

LEERDER: _____ GR: _____

AFDELING: _____

ONS STEL BELANG OM DEEL TE NEEM AAN DIE FANIE MALAN KUNSTEFEES VAN 2021. **[AANLYN]**

ONS ONDERNEEM OM DIE VOORWAARDES EN VEREISTES NA TE KOM SOOS IN DIE NUUSBRIEF VERMELD.

HANDTEKENING VAN OUER: _____

SELFOONNOMMER EN EPOSADRES VAN OUER:

_____ _____

Kostes: R50 per leerder per item
Afskeurstrokies en inskrywingsgeld inhandig op eerste dag van volgende kwartaal
Video-opnames gereed op 29 Julie 2021

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1) BEHEERLIGGAAMAANSTELLING

POSBENAMING: Intermediêre Fase

MINIMUM VEREISTES: Erkende onderwyskwalifikasie
SACE registrasie

VAKKE: Afr gr 5, LV gr 4, NWT gr 6 en LOP (4 – 7)

AANBEVELINGS:
Goed tweetalig. Rekenaarvaardig.
Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer
Goeie organisasie en beplanning
Goeie en aanvaarbare waardes
Sport- en kultuurvaardighede
Geen kriminele rekord
Ondervinding gaan in u guns tel!

KONTRAK: **Tot Desember 2021** (Waarna die pos weer geadverteer word.)

DIENSAANVAARDING: Maandag, 2 Augustus 2021

SALARISPAKKET: R11 500,00 per maand
(Geen verdere voordele)

HANDIG DIE VOLGENDE IN
OF
EPOS NA skoolhoof@jakkies.com

Aansoekbrief en volledige CV
Afskrifte van kwalifikasies en ID-dokument

Sluitingsdatum: Maandag, 19 Julie 2021

Indien u binne **twee weke**, na sluiting van die aansoeke, niks van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.

Kekkelbek

KOFFIE & GESKENKE WINKEL

Kekkelbek Aanbiedinge

- Richelieu Special vir aand teen R 20,00 n dubbel en Coke
- Pizza Special teen R180,00 vir enige 2 van keuse op spyskaart
- besprekings kan ook gedoen word teen 6 sitplekke per tafel
- Alle Covid reels sal streng gevolg word om gaste en
- kunstenaar se gesondheid te verseker

DATE: 23 JULIE 2021

WHERE: KEKKELBEK

41 GROOT TREK STRAAT, KOFFIEFONTEIN

TIME: 18:00

Tickets: R150,00 PER PERSOON

Kontak: Adel of Stephan

062 182 2186 of 083 809 8530

AKOESTIES MONUMENTAAL